

Free State

Vrystaat

Clivia Club

Clivia Klub

**Douglas Valley Tuinsentrum
Verlenging Andries Pretoriusstraat**



Newsletter / Nuusbrief

4

Winter / Winter 2006

**Vir alle binnenshuise en
buitenshuise plante en benodigdhede
Tel: 051—4332657**

PORTEFEULJE : NUUSBRIEF

REDAKSIE

- Jan Stemmet
- Ina Leamy
- Koot van Rensburg
- Attie van der Colf

CLIVIA-KLUB

KOMITEE-LEDE

Voorsitter	:	Hennie van der Mescht
Onder-voorsitter	:	Jurie Swart
Sekretaris	:	Morkel Terblanche
Finansies	:	Neil Nathan
Publieke Skakeling en Advertensies	:	Johan Spies
Navorsing	:	Jurie Swart
Nuusbrief	:	Jan Stemmet
Skou	:	Piet Laubscher

DIE VOLGENDE PERSONE KAN GERAADPLEEG WORD VIR HULP EN LEIDING

* Hennie van der Mescht	051-5229530
* Piet Laubscher	051-5228963
* Ds. Jurie Swart	051-4211107
* Prof. Johan Spies	051-4511886
* Neil Nathan	051-5226236

Skakel verkieslik na 19.00 op woensdae.

Cover Photo: Gerhard Laubscher

word .Dit is ook raadsaam om te spuit vir Cliviawurm . Sit u insektevangers maar aan . Wees ook op die uitkyk vir wolluis vir die somertyd.

September: Haal plante wat u wil skou nou uit . Maak seker dat hulle in die regte grootte potte is . Maak seker dat u plante gelukkig is . Dit is blomtyd stut die bloeiwyses sodat dit nie die plant omtrek nie . U kan nou plante kruisbestuif .Sodra u dit doen , sal blomme afval en die sade sal begin vorm.Gee genoeg water.Inspekteer u plante gereeld vir siektes.

Oktober : Plante is meestal klaar geblom .Ons kan nou weer plante versterk met 2.3.2 kunsmis of een of ander voeding want die blomme en saadvorming vat baie uit plante. Wees op die uitkyk vir siektes .

November Gee genoeg water ,dit is gewoonlik baie warm As ons nie Oktober voeding gegee het nie is dit nou tyd daarvoor. Sny blomstele af wat nie sade dra nie . Dit is ook belangrik dat ons nie alle blomme met sade moet los nie. Dit is soms nodig om plante se sade af te sny,om hom geleentheid te gee om sterk te groei .Siektes is volop hierdie tyd van die jaar.

Desember : Gee gereeld water . Dit is vakansietyd , kry iemand om gereeld te kyk vir siektes , maar veral om gereeld water te gee . Spuit u clivias voor u met vakansie vertrek vir wolluis,sowel as Cliviawurms.





JAARPROGRAM VIR U CLIVIAPLANTE :

Aangepas vir die Vrystaat:

Januarie : Plante moet gereeld water kry ,minstens een keer per week.Blaarvoeding kan toegedien word. Voeding soos 3.1.5 kan ook nou gegee word om plante te versterk voor die Winter.Wolluis en wurms kom nog tot April voor , wees versigtig vir hulle.

Februarie : Is ook groeityd . Gee nog gereeld water Geen kunsmis nie.Blaarvoeding kan nog toegedien word .Nie vir streepblaar plante nie .Kyk vir siektes.

Maart : Gee nog genoeg water,skaal nou af . Gee vir die laaste keer kunsmis . 5.1.5 Dit voed die blare en bevorder blomvorming . Gee water sodra kusmis toegedien is.Moet nie kunsmis te na aan die stam gooi nie . Verwyder dooie blare en kyk vir siektes.

April : Een keer per week is genoeg water .As ons nie in Maart 5.1.5 gegooi het nie is dit nou die tyd. Ons kan ook begin om plante te verdeel of om uit te plant . Verwyder dooie blare . Sny punte wat afsterf terug.

Mei : In die Vrystaat is dit nou tyd om die natmaak van plante te staak . As dit nog warm is ,kan ons dit liggies benat ,maar ons moet dit baie vroeg doen , as ons dit enigsins oorweeg .Staak enige vorm van voeding vir plante . Dit is die tyd vir blomvorming.Gardenii sal nou blom .

Junie en Julie : Kyk net dat u plante beskerm is teen die ryp .Min water en geen voeding is nou nodig nie .Dit is tyd vir Swamp om te blom , asook seker Interspesies.Ons kan nou saad afsny .Merk dit goed en dop dit uit.Vanaf 15 Julie begin plante te groei .Baie mense verdeel nou hul plante . Die plante kan ook uitgeplant word .

Augustus : Maak seker dat die ergste koue verby is . Week dan die plante in water. Maak seker dat die groeimedium die water goed geabsorbeer het .Ons kan nou ons plante stadig laat ontwaak uit die winterslaap . Gee vir hulle blaarvoeding asook 3.1.5 sodat die wortelgroei gestimuleer word . Alle dooie blare moet verwyder word . Dooie punte gesny

Portefeulje: Nuusbrief

Met die verskyning van hierdie uitgawe van ons Clivia-Klub se nuusbrief, is die seisoenale siklus voltooi – inderdaad ‘n jaar van uiterstes wat die natuur betref. Artikels wat deur verskeie kenners van die mooi edelplant geskryf en in die nuusbrief geplaas is, dek ‘n wye veld. Die nuusbrief is baie insiggewend en van groot waarde vir ons lede, want dit neem Bloemfontein se uiteenlopende klimaatsfaktore in aanmerking.

‘n Groter lede-betrokkenheid is ‘n ideaal wat nagestreef word. Artikels gebaseer op eie ervaring sal verwelkom word. Ons moet almal daarteen waak dat ons nie stagneer nie. Die redaksie maak op sy klub-lede se kreatiwiteit en innoverende denke staat. Elke uitgawe van ons nuusbrief moet iets wees waarna ons uitsien en moet ons entoesiasme vir die kweek van hierdie pragtige plante stimuleer.

Die nuusbrief is so goed soos die artikels wat ons van die klub-lede ontvang.

Die Redaksie



Wintertyd

Dit is die tyd van die jaar , wat die Cliviamense saam met hulle plante ontwaak uit die Winterslaap .Wat ‘n tyd vir afwagting en opgewondenheid oor die blomme wat weer blom of die wat vir die eerste keer gaan blom.

Wat is lekkerder as om te sien hoe daardie blomme ontvou in iets wat jy nog nie gehad of voorheen gesien het nie.Mag hierdie jaar nie anders wees nie . Dit is Kongresjaar. Mense

van oor die hele wêreld kom in Pretoria bymekaar. Ons wil al ons lede aanmoedig, om hierdie geleentheid nie mis te loop nie. Hier sal ons "Die" mense uit die Cliviawêreld ontmoet en met hulle kan gesels. Ou vriende sal weer saam kan kuier en nuwe vriende sal gemaak word.

Moet nie ons eie skou vergeet nie. Vanaf 22 tot 23 September 2006 moet ons die skoolsaal van Laerskool Bloemfontein vul, met Clivias soos wat ons net in die Vrystaat kan. Die bestuur beplan om hierdie skou werklik iets besonder te maak. Ons doen dus 'n beroep op ons lede om ons te ondersteun in ons poging.

Geniet elke oomblik van die clivias somer.

Heerlike Clivia Groete

Hennie vd Mescht



Die Beginner Clivia-kweker.

Met geen kennis van clivias nie, het ek ongeveer 4 jaar gelede, nadat ek vriende se pragtige blomme gesien het, besluit om die kweek van clivias my afreestokperdjie te maak.

In 2002 het ek met 3 plante en baie saadjies, wat ek by vriende present gekry het, my kwekery begin.

Natuurlik was daar baie wat ek moes leer:

1. **Geduld:** Die cliviaplant is 'n stadige groeier en dus sien mens nie gou die resultate van al die werk wat jy ingesit het nie.
2. **Grond:** Gewone tuingrond was nie geskik nie. Die clivias vereis goedgedreineerde grond.

So ook is baie van die bogenoemde elemente en plaes juis die dinge wat verantwoordelik is vir die voortbestaan van die Clivia. Wind, voëls, insekte help met die bestuiwing van die blomme. Reën, voëls, knaagdiere verplaas weer die saad na ander plekke, waar dit opkom en groei. Dis te sê, die natuur sorg vir homself.

Soos die mens maar is, kry jy die wat bewaar en die wat net uitroei en vernietig. Ek sou lievers nie te veel wil sê oor die wat uitroei en vernietig nie. Dit is 'n onderwerp op sy eie. Van natuurbewaring se kant word daar baie gedoen, om die Clivia te bewaar en te vermeerder. So ook speel die Clivia Vereniging en Klubs, kwekers 'n groot rol in die verband. Duisende Clivias word reg oor die wêreld gekweek, versprei en verkoop. Hierdie gesogte plant lewer dus 'n goeie bydrae tot die ekonomie. Daar kan egter nog baie gedoen word in verband met die bewusmaking en bekendstelling van hierdie pragtige plant.

Die Clivia sorg op sy eie manier vir sy voortbestaan. Ek glo dat ons as mens, nog baie kan leer van die Clivia. Daar word baie navorsing in die verband gedoen. Dankie aan al die navorsers. Danksy hulle weet ons elke dag meer van die Clivia. 'n Uitstekende bydrae in die verband word ook deur telers gemaak ten opsigte van kennis, waarneming en ondervinding.

In die laat tagtigs het ons 'n groot droogte gehad. Baie het die pragtige blomme van die jaar toegeskryf aan die droogte. Die begrip het egter ontstaan dat 'n Clivia maar in droogte kan ly. My gevoel is egter dat die Clivia se "sensors" hom gewaarsku het. Hy moet meer blomme produseer, en meer saad lewer om sy voortbestaan te verseker.

Wanneer die plant beskadig word, reageer hy ook deur te vermeerder.

'n Clivia wat byvoorbeeld rypskade gekry het, maak dadelik suiers.

So gebeur dit ook met sonskade, blaarvrot, en skade aan die risoom.

Die saad in die saadbessie word ook beskerm deur die wand en vlies met vloeistof. Dit voorkom dat die saad nie in die saadbessie vrot nie. Die saad val op die grond, ontkiem binne in die saadbessie en groei.

Miskien kan ons iemand vra om vas te stel wat die beskermende inhoud is wat voorkom dat die saad vrot. Hoe lyk dit Prof. Johan Spies, kan jy nie dalk in die verband help nie?

Clivias reageer ook wanneer hulle bedreig voel. So word byvoorbeeld, 'n klip gebruik om direk onder die risoom te plaas. Die plant reageer dan deur suiers na die kant te maak.

Telers maak soms ook gebruik van die beskadiging-tegniek vir die maak van suiers.

Wat die blomtyd van die Clivia betref, wil ek liever niks sê nie. Dit bly vir my 'n raaisel hoe dit bepaal word. Dit wil egter voorkom of temperatuur 'n groot rol speel. Wie weet?

Wat ek hier gesê het is my persoonlike ondervinding en nie die Alfa en Omega nie.

Geniet u Blomme.

Piet Laubscher.

250 ml per week en minder vanaf einde Mei tot middel Julie wanneer plante **droogte moet ly** vir lente prestasies..

Die uitsondering is egter C.Mirabilis wat in die winterreënval streek groei waar die reënval in die wintermaande effe meer as 305 mm per jaar is. Dadelik moet bygevoeg word dat hierdie plante in Oorlogskloof bykomend tot reënval gereeld deur vogtige misbanke oorspoel word wat neerslag op die blare ten gevolg het en waterdruppels teen die blare laat afloop na die wortelstam.

Kwekeryeienaars lag lekker in die mou, want hul weet dat die meeste potplanteienaars hul plante met liefde versmoor deur hul oor te benat; wortelvrot tree in of hul versuip en die vertroetelde plant vrek. Elke keer wanneer ek 'n plant vir wortelvrot behandel of verloor, dink ek met wrewel hieraan

Slotsom: Laat jou Clivias eerder droogte ly en stadiger groei, maar bly lewe as om hul rustige groei te forseer tot die dood toe. In die natuur kom hul goed met veel minder klaar as in ons oordrewe liefdevolle sorg.

Koot Van Rensburg



Clivia oorlewing en bewaring.

Clivias kom nog algemeen in die natuur voor. Die vraag is hoe lank gaan ons nog die voorreg hê ? Kyk jy na die proses van oorlewing, van die Clivia, kan jy dit in drie deel:

- a.) Die natuur.
- b.) Die mens.
- c.) Die Clivia self.

In die natuur oorleef die Clivia reeds vir eeue. Hulle het seker al die elemente teen hulle oorleef. Dink maar byvoorbeeld aan brande, winde koue, hitte, verspoelings ens. Dan is daar ook nog die aanslag van voëls, diere en insekte en allerhande peste en plaë.

3. **Sade:** Om die saadjie gereed te kry om te plant, moes ek eers die saadbessie oopmaak en dan elke saadjie skoonmaak.
4. **Ontkieming:** Met die sade in die grond moes ek bedag wees op 'n hele paar dinge. Die saadjies moes in klam grond toegehou word. Soms was die grond te nat en dan het die saadjies gevrot. Alle saadjies het ook nie opgekom nie.
5. **Finansieel:** Vir elkeen van die baie plantjies wat opgekom het, en waarmee ek in my skik was, moes daar toe 'n potjie gekoop word en genoeg potgrond en kompos om die potte te vul.
6. **Merk:** Elke plant moes 'n merker kry, sodat ek kon weet van wie ek die saadjie gekry het en wanneer ek dit geplant het en ook watter kleur blom dit behoort te wees. Dit vereis goeie kontrole oor die plante.
7. **Siektes:** Gelukkig het welmenende vriende my gewaarsku dat ek moet oplet na die clivia-wurm en wolluis wat in die somermaande voorkom. Dus was ek gereed hiervoor.
8. **Plasing van plante:** Met diere op my erf het ek gou geleer dat my plante so geplaas moet word, dat dit nie vir hulle bereikbaar is nie. Anders bly van die merkers niks oor nie en soms ook nie van die plante nie.

Uiteindelik het my eerste plante toe 2 jaar gelede geblom en en kon ek die vreugde van 'n clivia-kweker te begryp.

Vandag is hierdie skaduliewende, immergroenplante die oplossing in my skaduryke tuin, veral in die hoekies waar ander plante sukkel om te groei. Met al die kennis van vrygewige lede van ons clivia-klub was dit net vir my 'n heerlike avontuur en ondervinding. Ek sal seker nooit ontslae raak van my lus om met die clivias te werk nie. Dis suiwer genot.

Attie.



OPRIGTING VAN VOORAFVERVAARDIGDE SKADUHUIS.

Morkel Terblanche

Moontlike roete om te volg met die oprigting van n' skaduhuis, is om n' voorafvervaardigde struktuur aan te koop. In baie gevalle sal die vervaardiger ook die oprigting doen. Meeste van ons dorpssettelaars het nie veel plek beskikbaar nie, so die opsies vir die plek van oprigting is baie beperk. Die volgende is n' paar gedagtes oor posisionering en algemene oorwegings vir so struktuur:

1. Dreinerings: Verseker dat die terrein goed gedreineer is, indien nodig, bring die nodige veranderinge aan om goeie dreinerings te verseker. Dit is uiters ongewens dat afloop- of reënwater in die huis opdam.
2. Losstaande vs Ondersteunend: Indien die struktuur aan bestaande geboue vasgeheg word sal dit goedkoper wees, maar hou egter in gedagte dat natuurlike ventilasie in en deur die huis swakker kan wees.
3. Oppervlakbedekking van rame: Gegalvaniseerde staalrame sal oorspronklik duurder wees, maar lewensduur en onderhoud maak dit n' baie aantreklike opsie. Indien verf gebruik word verseker dat oppervlaktes behoorlik skoon gemaak word en n' goeie grondlaag gebruik word.
4. Bedekking: Plastiek en veselglasplate benodig sterker rame as skadunet. Dit is dus belangrik om dit met verskaffer te bespreek indien die struktuur in die winter met plastiek bedek gaan word.
5. Grondbedekking: Verskeie materiale word algemeen gebruik vir die vloer bv. Gemaalde klip, plaveisel, beton, betonteëls ens. Kombinasies van bogenoemde kan ook gebruik word, nl. verskillende materiale vir plant staanplekke en vir die paadjies. Dit is belangrik dat geen water opdamming en nat kolle voorkom nie. Materiaal wat groei van onkruid beperk is algemeen in die handel beskikbaar bv. Plantex. Die polipropileen waarvan dit vervaardig is is egter nie bestand teen UV-bestraling nie. Dit is dus nodig om dit met n' organiese deklaag bv. dennebas of gemaalde klip te bedek. Laag van ongeveer 50mm is voldoende.
6. Posisie van son in winter en somer: As daar geboue, bome ens. in die nabye omgewing is, neem in gedagte dat posisie van son in winter en somer verskil.

Goeie tweedehandse strukture is soms beskikbaar, indien die toestand en prys dit regverdig, is dit n' baie goeie opsie.

4) Wanneer in twyfel gee altyd Seagro, want dit kan nie skaad nie en is altyd veilig.

5) Maak seker dat die plante na die winterrus gestimuleer word met kalium **plus** stikstof totdat saad gevorm het. Stikstof is baie noodsaaklik vir lang blomsteelvorming, gesonde blare, goeie blaarkleur en goeie saadontwikkeling. Kalium gee beter gehalte en groter blomme.

In kweekhuis tonnells word 'n gestandaardiseerde kunsmisamestelling in vloeistofvorm gebruik met die formule (20:20:20) 60; let wel plantvoedsel in gelyke dele verdeel tussen stikstof, fosfaat en kalium om die verskeidenheid van verboude plante in die tonnel te pas. Hierdie kunsmis word opgelos en in gekonsentreerde vorm geberg en dan verdun tot 200 dele per miljoen konsentrasie waarna dit deur die "fertigation"-stelsel toegedien word. Die volgende drie aspekte behoort ons Clivia entoesiaste van kennis te neem.

1) Dit is duidelik dat kommersiële blomplante in die praktyk op die (20:20:20) 60 kunsmis floreer. Waarom nie ook Clivia saailinge tot eerste blom nie?

2) Die toedienings-konsentrasies is baie laag. In die praktyk kan daar geen verskil tussen die toevoerwater en die besproeiingswater met kunsmis daarin opgelos, geproe word nie. Vir toedienings met weeklikse of langer intervalle is die konsentrasie 240 dele per miljoen i.p.v. 200 d.p.m. vir meer frekwente toediening.

3) Die intervalle van toediening in tonnells is elke halfuur tot een uur terwyl dit vir Clivias in die natuur eerder aan die orde van 14 dae en langer tussen reënbuie (benattings) is.

Indien ons die moeitevrue praktyk van "fertigation" in ons eie opset wil implementer, kan ons plante volgens behoefte benat met 'n standaard voedseloplossing van 240 dele per miljoen plant-beskikbare kunsmis. Om so 'n oplossing voor te berei is eenvoudig en verg slegs aanvanklike presisie aandag. Die mees populêre spuithouer grootte is 5 liter vloeistof. Vir 5 liter water word die volgende hoeveelheid oplosbare kunsmisout benodig en kan vir enige ander grootte houer pro rata bereken word.

5 Liter water = 5000 milliliter water en weeg 5000 gram.

1 deel per miljoen van 5 liter water = $5000 / 1000 \times 1000$ gram.

= 1/200 gram

240 dele per miljoen van 5 liter water = $240 \times 1/200$ gram

= 1,2 gram opgeloste plant-beskikbare kunsmisout.

Sou ons Kompel se 3:1:6 (46) wil gebruik waarvan net 46% per massa plant-beskikbaar is, is $1,2 \times 1/0,46 = 2,6$ gram Kompelmisstof opgelos in 5 liter water nodig vir 'n 240 dpm oplossing.

Vir 'n 20 liter houer water word = $2,6 \text{ gram} \times 4$

= 10,4 gram Kompelmisstof vir 240 dpm benodig.

Dit is ongeveer 2 teelepels vol of een ingeslote maathouer vol kunsmisout.

Veronderstel dat u twee teelepels tafelsout of twee teelepels suiker in 20 liter water sou oplos, sal dit onmoontlik wees om te proe of daar enige iets bykomend in opgelos is en watter smaak dit verteenwoordig. Derhalwe is hierdie plantvoedseloplossing van so'n veilige sterkte dat dit deurgaans gegee kan word sonder verbraking of opeenhoping van soute maar voldoen nogtans aan al die plant se behoeftes, al sou daar geen voeding in die groeimedium bestaan nie.

Die enigste oorblywende vraag is nou in welke hoeveelhede hierdie opgeloste voedsel toegedien moet word.

In die natuur kom Clivias voor waar die reënval sowat 500 tot 700 mm per jaar is en die reën in hoofsaak in die lente, somer en herfs val. Myns insiens groei Natal se Clivias vinniger as elders weens 'n hoër neerslag aldaar. Neem aan dat sowat 600 mm reën oor die groeiseisoen van 9 maande val teen 'n gemiddelde van 65 mm oor 4.33 weke of sowat 15 mm per week. Neem ons verder aan dat 'n gemiddelde plant in 'n 250 mm deursnee pot groei met oppervlak van $22/7 \times 1/4 \times 25 \times 25 = 490$ vk..cm. Om hierdie plant met 15 mm water weekliks te benat sal 735 ml bemeste water vra. Van die Natalse plante mag hierby aangepas wees, maar ons lede weet dat 500 ml water weekliks vir 'n volwasse plant voldoende is en tydens die koeler maande verminder kan word tot

en bevogting, maar teen 'n veel stadiger tempo as in tonnelverbouing en uitdroging tot 'n veel droër staat.

Die eerste groot vraag is watter voedingstowwe benodig Clivias? Alle plante benodig verskillende voedingstowwe tydens hul groei-fases vergeleke met wanneer hul in produksie/blomstadium is. Ons klubde gebruik en kies kunsmis volgens advertensies, agente-aanbevelings, raadgeving deur groter kwekerie, Clivia-kwekers en ons eie persoonlike voorkeure. Sedert ek aangesluit het, het Hygrotech hul Kic-start vir verplant en groei aanbeveel met Nitro-cane plus spoorelemente vir blomtyd. Plaaslike kwekerie en Senwes beveel stadig vrystellende Wonder kunsmis aan. Starke Ayres, die saadmense, beveel hul Koppel mengsel van Chemicult aan. Blomwinkels beveel Wonder se Shake'n Grow aan met helder kleurige, oplosbare korrels. Ons eie klubde glo aan Seagro organiese plantvoedsel plus bykomende eie aanvullings (kaliumpermanganaat) en beveel dit aan vir beginners as veilige vertrekpunt. Kirstenbosch het aangedui dat Clivia Mirabilis van kalksteenammoniumnitraat (KAN) hou, mits dit in baie lae konsentrasies toegedien word.

In kunsmis formules dui die eerste formulesyfer N, die **stikstofinhoud** in die kunsmis aan; die tweede formulesyfer dui die **fosfaatinhoud** naamlik PO² in die kunsmis en die laaste formulesyfer die **kaliuminhoud**, KO in die kunsmismengsel aan. Na die formule verskyn 'n getal in hakies wat aandui welke massa-persentasie van die kunsmis tot die plante se beskikking in die praktyk is (die oplosbare en absorbeerbare gedeelte). Die res is slegs draerstowwe soos gips en soute en is nie plantvoedend nie.

Opsommend; kunsmisformules gee altyd hul **NPK verhouding** in hierdie volgorde plus die persentasie beskikbaarheid in hakies, byvoorbeeld .3:1:6:(26) vir Wonder kunsmis. Ons klubde maak gebruik van die volgende misstowwe.


Kunsmis	Stikstof	Fosfaat	Kalium	Totaal beskikbaar
Kic-start	7	3	1	In oplossing
Nitrocane	7	3	1	In oplossing
Wonder	3	1	5	26 SR
Koppel	3	1	6	46
Seagro	7	1	2	In oplossing
Folifeed	6	1	3	25 SP
KAN	28	0	0	28
Shake'nGrow	5	1	2	38

In plantfisiologie bevorder stikstof N blaargroei, graanproduksie en die proteïen inhoud daarvan; fosfaat P bevredig die instandhoudings- en groei-behoefte van die plant, hou die plant algemeen gesond, help met fotosintese en bevorder wortelgroei en laastens is kalium K verantwoordelik vir die gehalte van dit wat die plant produseer, bevorder die wisselwerking van voedingstowwe binne die plant, asook groter gehalte in oes-opbrengste van vrugte, groente en blomme.

Uit die beskikbare formules hierbo gelys, kan met sekerheid voorspel word dat daardie mengsels met 'n hoë stikstof plus fosfaat inhoud, plantgroei maksimaal sal stimuleer. Ons mag nooit die fosfaat weglaat nie gevolglik word beenmeel byvoegings vry algemeen gebruik wanneer lede herpot. Kalium byvoegings moet die blomstadium voorafgaan en regdeur die blomtyd volgehou word.

Die volgende bewese praktiese riglyne word deur Piet Laubscher gebruik, gebaseer op sy eie lang ervaring met Clivia kweking:

- 1) Gee Kic-start altyd na verplanting en vir jong en groeiende plante.
- 2) 'n Handjie vol beenmeel in die onderste derde van 'n pot is heilsaam vir Clivias.
- 3) Flou opgeloste permanganaat (net pienk gekleurd) in die benattingswater hou die plant gesond, bestry wortelvrot en gee mooier blomme. "Kweek van Clivias" beveel 'n 1 % oplossing aan wat veel sterker is.



Vraag: Hoeveel reënwater kan 'n Clivia-plant weerstaan voordat hy versuip of dalk totaal verrot?

Dit het sedert oujaarsdag 2005 tot 31 Mei 2006 **622mm** in ons erf te Corneliasingel 46 gereën. Vir alle doeleindes is my Clivia-plant aan die hoë reënvalsyfer blootgestel. Geen skade a.g.v. die oorvloedige reën is gelyk nie; geen wortelvrot het voorgekom nie terwyl ek in November en Desember 2005 'n verbete stryd teen die ongenaakbare droogte en versengende hitte gevoer het. Ek wou alles met kraanwater reg stel, maar met min goeie resultate. En toe kom die groot reën – en weer verwag ek die ergste, maar ek is verkeerd bewys.

Jan Stemmet



CLIVIA-PLANTE VERKIES VARS REËNWATER.

Na oorvloedige reën hierdie afgelope somerseisoen is deur die natuur aan ons bewys dat Cliviaplante in reën floreer sonder enige teken van wortelvrot. As droogteprofeet vir Clivias moet ek my woorde sluk en uitvind waarom dit die geval is.

Reënwater is suiwer gedistilleerde water wat na kondensasie deur die atmosfeer na die aarde val en in die proses versadig raak met lug (suurstof en stikstof) en ook besoedelingstowwe absorbeer soos aanwesig in die atmosfeer. Die besoedelingstowwe in die Vrystaat is hoofsaaklik stof, rookmis afkomstig van oop vure en industrieële gasse afkomstig van naby en vergeleë nywerhede.

Kraanwater en boorgatwater in die Bloemfontein omgewing is in wese hardewater d.w.s. oorspronklike reënwater waarin daar hoofsaaklik kalsiumkarbonaat en waterbehandelings-chemikaliëe (aluminiumsoute) opgelos is. In die geval van kraanwater word daar na die flokkulering van modder ook opgeloste kalk bygevoeg om die water te passifiseer sodat minder verroesting in die lang ysterpypverspreidingsnetwerk plaasvind.

Uit ons nuwe ervaring weet ons nou dat reënwater heilsaam vir Clivias is en te veel kraanwater lei tot wortelvrot.

Tuis het ek 'n reënwatertenk vir my Clivias opgerig dog die resultaat is nie so dramaties as vir vars reënwater uit die lug nie, weens die tussenkoms van die geverfde sinkdak, geute met plantmateriaal in (blare en stof), stagnering in die opgaartenk waar mikrobes verrotting van organiese materiaal aanhelp en sodoende al die geabsorbeerde suurstof opgebruik. Verder bestaan daar 'n sterk moontlikheid dat ook aalwurm in hierdie tenk aanwesig kan wees, sodat alle getapte water met Sporekill behandel moet word. Aalwurm is 'n wortelparasiet en laat plante kwyn. Desondanks is hierdie tenkwater veel beter as of boorgat- of kraanwater vir Clivia plante.

Nagemaakte reënwater kan berei word deur atmosferiese lug deur gedistilleerde water te borrel tot dit lug versadig is.

Hier volg 'n kort vergelyking tussen reënwater, boorgat- en kraanwater in Bloemfontein.

Parameter	Reënwater	Boorgatwater	Kraanwater
P H (Suur of alkaliniteit)	5 (suur)	7 (neutraal)	8+ (alkalies)
Opgeloste soute	Min	300 dpm	150 tot 200 dpm
Geabsorbeerde lug	Versadig	Teenwoordig	Min
Bakteriese inhoud	Min	Teenwoordig	Teenwoordig

Hieruit is duidelik dat reënwater aansienlik verskil van boorgat- en kraanwater. Omdat Clivias van vars reënwater hou moet ons as kwekers poog om ons plante met water te voed wat reënwater-eienskappe besit. Die ooglopendste eienskap van verskil, is suurgehalte. Reënwater is suur en ons weet dat Clivias in die natuur in suur blarekompos groei gevolglik ondersteun reënwater hierdie groeiverste. Ons kan die PH relatief maklik versuur met geskikte oplosbare kunsmis. Reënwater bevat weinig opgeloste soute en gevolglik behoort gedemineraliseerde water ook beter te presteer as kraanwater. Om water met lug versadig te kry is ook relatief eenvoudig en kan lugpompies soos vir akwariums ons watervoorraad met opgeloste lug versadig.

Uit die lekehoek wil dit blyk of die wortelvrotbakterie suurgevoelig is en vergoed ter bevestiging.

Koot van Rensburg.
Rietfontein.
Mei 2006



‘N CLIVIA PLANT SE VOEDSEL- EN WATER-BEHOEFTES.

In 'n vorige uitgawe was daar gepoog om te bepaal waaraan Clivia plante se groeiomgewing moet voldoen vir sukses. In hierdie opvolgstuk sal gepoog word om 'n Clivia plant se voedselbehoeftes te bepaal asook die benutting wat daarmee verband hou. Lede se handboek, is en bly "Kweek van Clivias", soos uitgegee deur ons moedervereniging. Hierdie bykomende stukkies dien slegs om basiese groeimeganismes toe te lig as agtergrond vir eie kennis en verdere eksperimentering.

Om nie die wiel weer te ontwerp nie, is as vertrekpunt geneem die inligtingstuk van die Sentrale Universiteit van Tegnologie, "Short Course; Greenhouse Technology" soos aangebied deur Agrelek te Glen Kollege. Hierdie kursus handel oor optimale toestande vir die verbouing van groente en blomme in tunnels waar tunnelplante in steriele vars 50% denneskaafsels en 50% dennesaagsels groei en periodiek oorstrom word met besproeiingswater waarin die regte konsentrasies opgeloste voedingstowwe opgelos is. Na benutting dreineer die wortelhouer en suig dit lug in na die wortels. Voordat die wortels verdor, oorvloei die planthouer weer met voedende besproeiingswater en word hierdie siklus met 'n rekenaarbeheerde program aanhoudend gerepeteer. Plante soos komkommers en tamaties lewer tot meer-honderdvoudige oeste en meer onder hierdie ideale toestande waar die groeiomgewing inherent geen eie voeding bevat nie. Hierdie benutting en bemestingspraktyk word "fertigation"-tegnologie genoem.

Clivias hou ook daarvan dat hul wortels periodiek oorstrom, om ook dan weer te dreineer sodat lug ingesuij word waarna dit weer voeding kan ontvang wat die lug verplaas vir asemhaling